PAUL ROOS
GYMNASIUM - GIMNASIUM
TEL (021) 887 0017/77 - FAX (021) 883 8461
*E-mail: **info@prg.wcape.school.za***
Suidwal - Stellenbosch - 7600

Geagte Ouers/Voogde

Baie dankie vir u navraag i.v.m. die moontlike toelating van u seun tot Paul Roos Gimnasium.

Ons vertrou dat u uit hierdie prospektus genoegsame inligting sal bekom om die regte keuse t.o.v. u seun se verdere skoolloopbaan te maak. Ons is dankbaar om te kan sê dat die skool (en Stellenbosch) oor uitstekende onderwys-, kultuur- en sportgeriewe beskik. Daarby is die vakkeuse van die skool uitgebreid en behoort dit die belangstellingsveld van bykans elke seun te dek. Uitstekende kwalifikasies én die vermoë om die nuutste onderwyskundighede en -tegnieke toe te pas, is slegs twee kenmerke van die personeel. Die geleenthede vir u seun om te ontwikkel tot 'n afgeronde, gedissiplineerde en selfstandige persoon, is op 'n besondere wyse beskikbaar by Paul Roos Gimnasium.

In gevalle waar leerlinge toelating verlang vanaf die begin van 'n jaar, is die sluitingsdatum **31 Mei** van die vorige jaar. Volled voltooide aansoeke kan vanaf die **tweede kwartaal** ingedien word. Indien u seun aanvaar word, sal u van meer spesifieke inligting t.o.v. skoolgeld, hand- en skryfboeke, bus- en skooltye, ens. voorsien word. U is natuurlik welkom om met die skool in verbinding te tree indien u voor daardie tyd verdere inligting verlang.

Om ons in staat te stel om u aansoek vir die toelating van u seun tot die skool te oorweeg, word die volgende benodig :

1. die voltooide aansoekvorm (dit is in u seun se belang om soveel moontlike inligting te verstrek);
2. die vertroulike verslag van sy huidige skoolhoof;
3. 'n afskrif van sy laaste skoolrapport (in die geval van gr. 7-seuns die **Gr 7 Maart-rapport**);
4. 'n afskrif van sy geboortesertifikaat of ID-dokument;
5. die vakkeuse-vorm (bylae 6) met die gekose vakke in pen onderstreep;
6. 'n ID-foto.

Ons sien daarna uit om u aansoek te ontvang.

PRG-groete.

J. (Jannie) van der Westhuizen

Rektor

PAUL ROOS

GIMNASIUM / GYMNASIUM

PROSPEKTUS / PROSPECTUS

INHOUD / CONTENTS

Brief van die rektor
Rector's letter

BYLAES: / APPENDIXES:

1. Doelstellings / Aims

2. Skoollied / School song

3. Beknopte geskiedenis / A brief history

4. Algemene inligting / General information

5. Fasiliteite / Facilities

6. Vakkeuse / Subject choice

7. Skoolreëls / School rules

8. Skooldrag / School uniform

9. Vertroulike verslagvorm vir voltooiing deur die huidige skoolhoof
Confidential report to be completed by the present headmaster

10. Aansoekvorm om toelating as kosganger of dagskolier
Application form for admission as a boarder or day scholar

BYLAE 1

DOELSTELLINGS VAN PAUL ROOS GIMNASIUM

1. Paul Roos Gimnasium onderskryf Christelike opvoedingsbeginsels, met die eerbiediging van elke ouer en kind se geloofsoortuigings.

2. Die primêre doelstelling van die skool is om die seuns op planmatige wyse te help om kennis en vaardighede te verwerf en om hulle vermoë tot selfstandige denke te ontwikkel.

3. Die kind word as 'n eenheid gesien en daarom word dit ten doel gestel om hom in sy totaliteit op te voed deur vir sy verstandelike, sedelike, estetiese, liggaamlike, sosiale en godsdienstige ontwikkeling voorsiening te maak.

4. Die sukses van die opvoedingstaak van die skool is in 'n hoë mate afhanklik van die fondament wat deur die opvoeding tuis gelê word. Daarom is dit die skool se doelstelling:

   4.1 dat die onderwys en opvoeding van sy seuns in ooreenstemming sal wees met die redelike wense en begeertes van hul ouers, mits hierdie wense en begeertes nie in stryd met die beproefde en algemeen aanvaarde opvoedkundige beginsels is nie;

   4.2 om aan die ouers medeseggenskap en medeverantwoordelikheid in die onderwys van hulle seuns te gee;

   4.3 om die ouer in sy/haar opvoedingstaak by te staan en aan te vul.

5. Paul Roos Gimnasium is onlosmaaklik verbonde aan die gemeenskap van Stellenbosch. Daarom stel die skool dit as doelstelling:

   5.1 om die gemeenskap van dit wat die skool bied, bewus te maak;

   5.2 om saam te werk om van die bestaande kundighede en vaardighede in die gemeenskap gebruik te maak;

   5.3 om die seuns tot gemeenskapsdiens op te voed.

6. Om aan elke seun 'n gebalanseerde opvoeding te bied, is kwaliteitsonderrig van kardinale belang. Daarom is ook die volgende doelstellings van belang:

   6.1 die werwing en behoud van effektiewe onderwyser-opvoeders;

   6.2 die aanmoediging van die onderwysers tot vernuwing, selfstudie en selfontwikkeling;

   6.3 die aanmoediging van onderwysers om elke moontlike opvoedingsgeleentheid maksimaal te benut om sodoende die seuns te begelei tot ewewigtige en nuttige burgerskap van hul land.

DIE SKOOLLIED

Verhef die roem van onse skool
Ons hou deur ons land hom hoog
En waar ons gaan en waar ons staan
Ons vleg steeds aan sy ereboog
Hef aan, hef aan, in roem en sang
Ons werk en glorie sy belang
Semper, Semper Splendidior!
Semper Splendidior!

SCHOOL SONG

Salute the name of our famous school
Uphold it country wide
And through ev'ry action brave and true
We carve this name with pride
Sing out, sing out aloud and let its fame be known
We're proud to claim it as our own
Semper, Semper Splendidior!
Semper Splendidior!

BYLAE 3

DIE GESKIEDENIS VAN PAUL ROOS GIMNASIUM

Ds. J.H. Neethling, leraar van die Stellenbosch N.G. Moedergemeente, skryf op 29 Januarie 1864 aan dr. Langham Dale, Kaaplandse superintendent-generaal van onderwys:

> *"As a piece of news that will interest you, I may state that yesterday (28 January 1864) 30 inhabitants of this district have decided to erect a gymnasium or Latin School. They have guaranteed 465 pounds (R930) per annum, chosen a Board of Directors of five persons to carry out the resolutions with all possible speed and decided that as soon as possible a preparatory school or infant department shall be established."*

Die eerste skoolhoof, eerw. W.E.W. Braid, word kort daarna in Skotland gewerf. Die inwydingsplegtigheid vind op 1 Maart 1866 voor 'n aansienlike skare, wat 88 leerlinge insluit, plaas. Die eerste skoolgebou, Dorpstraat 120, is vandag steeds te sien.

Eerw. C. Anderson, die tweede hoofonderwyser en ook 'n Skot, aanvaar diens in 1869. Gedurende Julie 1874 kom 'n "Arts Department", wat die gimnasium kollegestatus gee, tot stand. Die hoof word van nou af 'n rektor genoem en die dosente van die "Arts Department", professore, maar hulle bly steeds onderhewig aan die gesag van die skool. Die tweede skoolgebou, tans steeds stewig op die hoek van Pleinstraat en Van Ryneveldstraat, word in dieselfde jaar betrek. In hierdie gebou, wat later diens gedoen het as polisiekantoor en tans die Stellenbosch Museum huisves, het Jan Smuts, latere generaal en premier van die Unie van Suid-Afrika, soos menige stout seun, sy naam op ‘n vensterruit "verewig". Hierdie ruit is te sien in die skoolargief.

In 1879 bedank eerw. Anderson en in dieselfde jaar skei die gimnasium en die kollege funksioneel. Die kollege verkry die naam Stellenbosch College. In 1885 skei die twee instellings ook fisies deurdat die College gehuisves word in 'n nuwe gebou tussen Andringa- en Van Ryneveldstraat. Die naam Stellenbosch College verander in 1887 na Victoria College, die instelling wat in 1918 die Universiteit van Stellenbosch sou word.

Mnr. W. Milne, 'n verdere Skot, word die nuwe rektor in 1880. In 1887 word die eerste koshuis vir die seuns geopen nl. "The Young Men's Home" of "Het Tehuis" onder toesig van mnr. J.D. Krige, wie se erenaam later Oom Japie "Home" word. Die huidige skoolsaal is in 1948 na mnr. Krige, by aftrede adjunk-rektor van die skool, vernoem. Sy skildery beklee sedert daardie tyd die ereplek voor langs die verhoog.

Na mnr. Milne word die tydperk van die Suid-Afrikaanse rektore in 1896 ingelui met die aanstelling van dr. J.F. Marais. In Julie 1897 trek die skool na 'n nuwe gebou in Andringastraat (sedertdien afgebreek) en in 1899 verander die naam van die skool na die “Hogere Jongens School Stellenbosch” of "Stellenbosch Boys' High School". In Mei 1901 word die skool in rou gedompel toe dr. Marais naby Rooi-Els verdrink. Die skoolbiblioteek, wat in 1901 tot stand gekom het, is vernoem na dr. Marais en dra steeds sy naam.

In 1902 word mnr. W.H. Hofmeyr die rektor. W.M. MacMillan is in 1903 die eerste ontvanger van die Rhodesbeurs, wat steeds aan oud-Paul Roosers vir nagraadse studie toegeken word, en wat studie vir drie jaar aan die Universiteit van Oxford moontlik maak. Gedurende 1907 verhuis die skool vanaf Andringastraat na die gebou in Victoriastraat wat vandag die Departement van Beeldende Kunste van die Universiteit van Stellenbosch huisves.

Mnr. Hofmeyr bedank in 1910 en in dieselfde jaar word die oudleerling, oud-onderwyser, oud-Springbokrugbykaptein, mnr. P.J. Roos, rektor van die skool. Hy was die kaptein van die eerste Suid-Afrikaanse rugbyspan wat in 1906 'n oorsese toer na Brittanje onderneem het. Dertig jaar lank swaai hierdie reus van liggaam en gees sy septer oor die skool. Onderwys was sy lewe, rugby sy eerste liefde. Hy was 'n "werkoholis" wat altyd "amper betyds" was. Paul Roos Gimnasium dra met trots sy naam.

'n Nuwe gebou vir die Primakoshuis word in 1931 in gebruik geneem.

In 1941 word Oom Polla deur mnr. D. Blignaut opgevolg. Op 27 September 1946 stap 564 leerlinge na die nuwe skoolgeboue op die suidelike wal van die Eersterivier. Terselfdertyd word die naam ook na die Paul Roos Gimnasium verander. In Januarie 1951 skei die skool se hoër en primêre afdelings en hulle staan onderskeidelik van toe af bekend as die Paul Roos Gimnasium en die Laerskool Paul Roos.

Mnr. D. Blignaut word in 1952 opgevolg deur mnr. A.K. de Jager, wat in Januarie 1959 inspekteur van skole word. In 1952 kry die leerlingraad sy beslag en word 'n uniforme stelsel van skooldrag aanvaar.

In 1959 aanvaar mnr. G.J.A. Smit die rektorskap en in 1966 vier die Gimnasium en Laerskool Paul Roos hul Eeufees. Reeds in 1965 ontstaan die tradisie om die skoolverjaarsdag (1 Maart) te vier deur o.a. ruikers by die standbeelde van die stigterslede van die skool te lê. Ook in 1965 word die nuwe koshuisgebou, tans Prima Nova, betrek. Mnr. Smit tree in 1969 af.

Die Laerskole Paul Roos en Bloemhof amalgameer in 1977. In 1986 betrek die nuwe laerskool, Eikestad, sy nuwe geboue teen die Strandpad en word die L.P.R.-gebou deel van die hoërskool.

Vanaf Julie 1969 dien die volgende rektore:

Julie 1969 - Maart 1974:	**Mnr. D.J. de Villiers** - word inspekteur van skole.
Julie 1975 - Junie 1977:	**Mnr. J.C. Coetzee** - word aangestel as dosent by die Fakulteit Opvoedkunde van U.S.
September 1977 - Desember 1984:	**Mnr. J.D. Slabbert** - word agtereenvolgens aangestel as rektor van Denneoord, die Wellingtonse Onderwyserskollege en Onderwyserskollege Boland.
Januarie 1985 - Julie 1992:	**Mnr. J.H. Galloway** - tree af.
Januarie 1993 – Maart 2007	**Mnr. C.W. de Jager** (seun van die oud-rektor, mnr. A.K. de Jager).
April 2007 -	**Mnr J. van der Westhuizen**

BYLAE 4

PAUL ROOS GIMNASIUM
ALGEMENE INLIGTINGSTUK

A. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

1. Sport

Die volgende sportsoorte word beoefen:

Somer:	Atletiek	Winter:	Biathlé
	Biathlé		Duokamp
	Driekamp		Fietsry
	Fietsry		Gholf
	Gholf		Hokkie
	Krieket		Muurbal
	Swem		Rugby
	Tennis		Skaak
	Tweekamp		Sokker
	Vyfkamp		Vyfkamp
	Waterpolo		

2. Klubs en verenigings

Leerlinge kan o.a. ook aan die volgende aktiwiteite deelneem:

Debats- en Redenaarsvereniging	PRG Ensemble
Duitse Vereniging	Rekenaarklub
Musiek, Kuns, Letterkunde en Drama-vereniging	Skoolkoerant (Semper & Concipio)
	Skoolkoor
Noodhulp	VCSV
Oorsese Toere	Wiskundevereniging

B. MUSIEKAFDELING

Musiek (houtblaas-, slag-, strykinstrumente, klavier, orrel, kitaar, sang, koperblaas en blokfluit) word as vak of as byvak aangebied.

C. GELDE BETAALBAAR (SOOS VIR 2012)

1.	Skoolheffing	R19 850 per kind per jaar - boeke uitgesluit (maandeliks, kwartaalliks of as een bedrag vooruitbetaalbaar).
2.	Losiesgeld	R28 800 p.j. (wasgoed ingesluit) / R27 700 (sonder wasgoed) Kwartaalliks: R7 200/R6 925 Maandeliks: R2 880/R2 770

'n Verdere uiteensetting is in die Leerdergids/Tuiswerkboek.

BYLAE 5

PAUL ROOS GIMNASIUM
FASILITEITE

1. AKADEMIES

Bo en behalwe die gewone onderriglokale, beskik Paul Roos Gimnasium oor die volgende fasiliteite:

1.1 'n mediasentrum;
1.2 drie Wetenskaplaboratoriums;
1.3 drie Biologielaboratoriums;
1.4 'n Tegnologiesentrum, bestaande uit twee praktiese werklokale, 'n masjienkamer en twee tekenkamers (ook vir Tegniese Tekene);
1.5 drie musieklokale;
1.6 twee volledig toegeruste rekenaarsentrums (75 rekenaars) vir die onderrig van Rekenaarstudie en Rekenaargeletterdheid;
1.7 'n argief;
1.8 die Japie Krige-saal wat 550 mense huisves; en
1.9 die Paul Roos Sentrum met 1500 sitplekke.

2. SPORT

2.1 By die hoofterrein:

2.1.1 'n krieketveld wat as die hoofveld dien;
2.1.2 12 beton krieketnette en 3 turfnette;
2.1.3 ses tennisbane;
2.1.4 drie hokkievelde;
2.1.5 ′n sokkerveld
2.1.6 'n klubhuis vir beide hokkie en krieket;
2.1.7 ’n swembad en
2.1.8 ’n gimnasium.

2.2 Markötter-sportterrein:

2.2.1 twee krieketvelde;
2.2.2 vyf rugbyvelde;
2.2.3 'n gras atletiekbaan;
2.2.4 'n klubhuis met kleedkamer- en kafeteria-geriewe, 'n kroeg en 'n onthaalsaal (100-150 persone) en 'n onderdak braaiarea;
2.2.5 'n toe-pawiljoen vir ongeveer 1200 toeskouers met kleedkamergeriewe en 'n mediese kamer.

3. ANDER

* 'n Kafeteria (Roosinbosch) wat ook middagetes ná skool aan leerders voorsien.
* Oom Polla se winkel - beskik oor 'n volledige reeks handboeke en skryfbehoeftes (huisves ook die tweedehandse klerewinkel).
* Die meeste fasiliteite van die Universiteit van Stellenbosch is ook beskikbaar aan leerlinge wat aansluit by die klubs van die universiteit. So is daar o.a. twee Astro-turf hokkiebane (ook gebruik deur ons hokkiespanne), 'n moderne gimnasium, 'n binnenshuise verhitte swembad en 'n tartan atletiekbaan.
* Daarby word op groot skaal gebruik gemaak van afrigting deur buite-afrigters vir o.m. rugby, sokker, hokkie, swem en tennis.

4. KOSHUISE

4.1 Prima Koshuis: Huisves 114 leerders

4.2 Prima Nova Koshuis: Huisves 124 leerders

BYLAE / APPENDIX 6

PAUL ROOS GIMNASIUM/GYMNASIUM

VAKKEUSE/SUBJECT CHOICE

NAAM VAN LEERDER/NAME OF PUPIL:.....……..

GR : .....

VAKKEUSE GR 8 EN 9

A.	**OEFEN 'N KEUSE UIT TUSSEN EERSTE EN TWEEDE TAAL* (Merk met 'n X)**		
	1.	Afrikaans Huistaal	
		Afrikaans Addisionele Taal	
	2.	Engels Huistaal	
		Engels Addisionele Taal	
B.	**VERPLIGTE VAKKE**		
	3.	Sosiale Wetenskappe	
	4.	Natuurwetenskappe	
	5.	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	
	6.	Wiskunde	
	7.	Lewensoriëntering	
	8.	Ontwerp en Tegnologie	
	9	Kuns en Kultuur	
D.	**KIES EEN VAN DIE VOLGENDE VAKKE:**		
		Duits	
		Frans	
		Xhosa	
		Ingenieursgrafika en -ontwerp	
		Kuns	
		Musiek	

**** Kan beide tale as Huistaal neem.**

SUBJECT CHOICE GR 8 AND 9

A.	**CHOOSE EITHER FIRST OR SECOND LANGUAGE** (Mark with a X)**		
	1.	English Home Language	
		English Additional Language	
	2.	Afrikaans Home Language	
		Afrikaans Additional Language	
B.	**COMPULSORY SUBJECTS**		
	3.	Social Sciences	
	4.	Natural Sciences	
	5.	Economic and Management Sciences	
	6.	Mathematics	
	7.	Life Orientation	
	8.	Design and Technology	
	9	Arts and Culture	
D.	**CHOOSE ONE OF THE FOLLOWING SUBJECTS:**		
		German	
		French	
		Xhosa	
		Engineering Graphics and Design	
		Art	
		Music	

**** May take both languages as first language**

BYLAE / APPENDIX 6

PAUL ROOS GIMNASIUM/GYMNASIUM

VAKKEUSE/SUBJECT CHOICE (2012)

NAAM VAN LEERDER/NAME OF LEARNER:.....

GR : .....

VAKKEUSE GR 10 – 12

A.	**Oefen 'n keuse uit tussen Huistaal of Addisionele Taal. Beide tale kan as Huistaal geneem word. (Merk met 'n X)**		
	1.	Afrikaans Huistaal	
	1.	Afrikaans Addisionele Taal	
	2.	Engels Huistaal	
	2.	Engels Addisionele Taal	
B.	**VERPLIGTE VAKKE**		
	3.	Wiskunde OF	
	3.	Wiskundige Geletterdheid	
	4.	Lewensoriëntering	
C.	**KIES SLEGS EEN VAK UIT ELKE GROEP:**		
	5.	Fisiese Wetenskappe	
		Geskiedenis	
		Lewenswetenskappe	
	6.	Rekeningkunde	
		Rekenaartoepassings-tegnologie	
		Aardrykskunde	
		Tegnologie Meganies	
		Fisiese Wetenskappe	
	7.	Lewenswetenskappe	
		Ekonomie	
		Ingenieursgrafika en -ontwerp	
		Duits	
		Frans	
		Xhosa	

Ander vakke wat by enige van groepe 5, 6 of 7 ingesluit kan word:
Musiek
Kunsvakke
Inligtingstegnologie

SUBJECT CHOICE GR 10 – 12

A.	**Choose either Home or Additional Language. Both Languages may be taken as Home Languages. (Mark with a X)**		
	1.	English Home Language	
	1.	English Additional Language	
	2.	Afrikaans Home Language	
	2.	Afrikaans Additional Language	
B.	**COMPULSORY SUBJECTS**		
	3.	Mathematics OR	
	3.	Mathematical Literacy	
	4.	Life Orientation	
C.	**CHOOSE ONLY ONE SUBJECT FROM EACH GROUP:**		
	5.	Physical Sciences	
		History	
		Life Sciences	
	6.	Accounting	
		Computer Applications Technology	
		Geography	
		Mechanical Technology	
		Physical Sciences	
	7.	Life Sciences	
		Economics	
		Engineering Graphics and Design	
		German	
		French	
		Xhosa	

Other subjects which may be included in any of groups 5, 6 of 7:
Music
Art subjects
Information Technology

BYLAE 7

PAUL ROOS GIMNASIUM

SKOOLREËLS

Erekode

As ‘n ware Paul Rooser verklaar ek dat ek die edel waardes en tradisies van my skool eer. Ek is trots op my skool en my voorkoms, ek respekteer ander en tree op soos ‘n ware heer.

Ek eer onvoorwaardelik my ouers, onderwysers en ander outoriteitsfigure sodat ek kan groei in gehoorsaamheid.

Verhoudings is vir my belangrik en ek voeg waarde toe deur ander te bemoedig met die wete dat ek daagliks deel vorm van Paul Roos geskiedenis.

Ek lewe met passie, integriteit en nederigheid.

Ek verwerp passiwiteit, gemiddeldheid en selfgesentreerdheid en aanvaar verantwoordelikheid vir my rol as kultiveerder.

Ek kies om te doen wat reg is en ek streef na uitnemendheid op alle gebiede…

…ten einde ons leuse “Semper Splendidior” waardig te wees.

Gedragskode vir leerders

Die gedragskode van Paul Roos Gimnasium is gebaseer op trots vir die skool, onderlinge respek en *gentleman-skap*.

1. Enige oortreding van die landswette van Suid-Afrika wat as 'n kriminele oortreding beskou word, asook enige daad van wangedrag in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, word as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou.
2. Die reëls, reëlings, beleidsdokumente en regulasies van die skool word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie gedragskode.
3. Die leerders sal hulle te alle tye gedra as goeie ambassadeurs van die skool.
4. Die persoonlike voorkoms en kleredrag van leerders moet voldoen aan die voorskrifte soos deur die skoolgemeenskap gestel.
5. Leerders moet die volle akademiese skooldag bywoon.
6. Daar word van leerders verwag om te voldoen aan alle redelike versoeke en opdragte van opvoeders.
7. Leerders op die skoolterrein, onder toesig van die skool of in skooldrag, mag nie die veiligheid van ander persone bedreig nie
8. Leerders op die skoolterrein of onder toesig van die skool, mag nie in besit wees of gebruik maak van onwettige of verbode middels, soos omskryf in die gedragsreëls van die skool.
9. Skooleiendom en die eiendom van ander mag nie geneem, beskadig of vernietig word nie.
10. Leerders moet deelneem aan die opvoedkundige programme van die skool soos deur die onderwysdepartement voorgeskryf, tensy vrystelling deur die onderwysdepartement gegee is.
11. Leerders mag nie ander leerders, opvoeders of lede van die skoolgemeenskap seksueel of op enige ander wyse teister, dreig, afknou, met hulle baklei, intimideer of op enige materiële, fisiese of emosionele wyse te na kom of benadeel nie.

SKOOLREëLS

1. ALGEMENE REËLS

1.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

1.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.

1.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkskoolhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

1.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

1.5 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

1.6 Leerders mag nie in die klaskamer, saal of biblioteek eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

1.7 Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die toestemming van die skoolhoof gemaak word.

1.8 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.

1.9 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

1.10 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

1.11 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

1.12 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
- die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
- bakleiery, aanranding of mishandeling;
- onsedelike gedrag of 'n gevloek;
- die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;

- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
- diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
- die oortreding van eksamenreëls; en
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

2. KLASREËLS

2.1 Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die klasleerders sowel as hul ouers, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.

2.2 Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –

2.2.1 onmiddellik by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word;

2.2.2 in duidelik leesbare skrif op ’n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en

2.2.3 aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word.

2.3 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

2.4 Enige oortreding van die klasreëls sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

3. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS

3.1 Wanneer die bolyf en kop regop gehou word, mag die laagste punt van die hare nie aan die kraag raak nie.

3.2 Van die nek af boontoe moet die hare geleidelik dikker word. 'n Matige “step” kan toegelaat word. Die hare mag nie in die sogenaamde “mushroom-, mullet-, of mohawk-styl” gesny wees nie. Die mat van die hare moet dus die natuurlike kurwe van die kop volg. Die hare langs en agter die kop moet dieselfde lengte gesny wees.

3.3 As die hare aan die kant van die kop reguit gekam word, mag dit nie aan die ore raak nie.

3.4 Bakkebaard mag nie laer as die onderste punt van die gaatjie in die oorskulp strek nie.

3.5 Indien die kuif vorentoe gekam word, mag dit nie laer as die wenkbroue strek nie.

3.6 Geen verkleuring van die hare word toegelaat nie. Gel en mousse mag gebruik word om weerbarstige hare te beheer.

3.7 Indien die hare kort geskeer word, geld die volgende as die minimum vereistes: nr. 1-kammetjie vir matrieks en nr. 2-kammetjie vir die res van die skool.

3.8 Geen vlegsels word in hare toegelaat nie.

3.9 Geen eksotiese of onnatuurlike haarstyle word toegelaat nie.

3.10 Die algemene indruk moet netjies wees en die haarstyl moet nie onnodige aandag trek nie.

4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

4.1 Die skool se amptelike sportbeleid word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie reëls.

4.2 Deelnemers in sport

4.2.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteite of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die amptelike sportdrag, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit.

4.2.2 Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sport-aktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers verwag. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik aan te meld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname. Afwesigheid van 'n aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die skool te verteenwoordig sal slegs gekondoneer word indien 'n skriftelike verskoning aan die sporthoof oorhandig word nie later nie as drie dae na plaasvind van die betrokke aktiwiteit.

4.2.3 Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van

4.2.3.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;

4.2.3.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;

4.2.3.3 die spankaptein.

4.2.4 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.

4.3 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

4.3.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

4.3.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die rektor, enige opvoeder, lid van die matriekraad / verteenwoordigende raad van leerders of ouer deur die rektor aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.

4.3.3 Die reëls soos hierbo uiteengesit in 4.1 sal ook van toepassing wees op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit benewens sportaktiwiteite, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

5. SKOOLEIENDOM

5.1 “skooleiendom” sluit die volgende in:

5.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue;

5.1.2 alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word.

5.2 Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.

5.3 Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of ’n opvoeder van die skool nie.

5.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

5.5 Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is ’n strafbare oortreding.

6. MATRIEKRAAD / VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS

6.1 Die VRL en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline.

6.2 VRL-lede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.

6.3 Alle leerders moet enige redelike voorskrif van ’n lid van die VRL of ’n ander skoolleier gehoorsaam, en moet die VRL en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

7. SKOOLKENNISGEWINGS

Elke leerder is verplig om alle kennisgewings aan die ouers van die skool wat vir daardie doel deur die beheerliggaam, rektor of ’n opvoeder van die skool aan hom gegee is, aan sy ouers te oorhandig, en om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die klasopvoeder te voorsien.

8. SKOOLWERK EN HUISWERK

8.1 Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

8.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

8.3 Alle leerders sal 'n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

8.4 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

8.5 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.

8.6 Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

8.7 Leerders beweeg vinnig in enkelgelid aan die linkerkant in gange van die een klas na die volgende.

9. TOETSE EN EKSAMENS

9.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid ’n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.

9.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

9.3 Leerders wat vir toetse en of eksamens afwesig is, moet 'n geldige mediese sertifikaat aan die rektor oorhandig op die vroegs moontlike geleentheid. Versuim om 'n mediese sertifikaat in te handig sal beskou word as afwesig sonder geldige verskoning.

10. SKOOLRAPPORTE

Leerders moet handel met die skoolrapporte wat aan hulle voorsien word volgens die voorskrifte wat die rektor of klasopvoeder aan hulle mag voorsien.

11. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

11.1 Geen leerder mag ’n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool en/of koshuis geokkupeer word bring nie, tensy hy beskik oor die voorafverkreë skriftelike toestemming van die rektor of ander personeellid deur die rektor genomineer en tensy hy stiptelik voldoen aan enige voorwaardes waaraan die gemelde toestemming onderhewig mag wees. Indien ’n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of matriekraad / verteenwoordigende raad van leerders versoek word om dit te toon nie, sal dit geag word dat hy nie oor sodanige toestemming beskik nie totdat hy die teendeel kan bewys.

11.2 Die bestuur van ’n motorvoertuig of motorfiets deur ’n leerder op so ’n wyse dat dit ’n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied.

11.3 Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.

11.4 Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

12. KOSHUISREËLS

Die reëls, reëlings, beleidsdokumente en regulasies van die koshuis word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie Dissiplinêre beleid.

13. STIPTELIKHEID

Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle ’n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

14. AFWESIGHEID VAN SKOOL

14.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan slegs met die skriftelike toestemming van die rektor of sy verteenwoordiger indien hy nie beskikbaar is nie.

14.2 Enige leerder wat sonder ’n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is word geag as afwesig sonder verlof, wat streng verbode is.

14.3 ’n Leerder wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is moet by sy terugkeer skool toe ’n skriftelike verduideliking van sy ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs gekondoneer word indien ’n sertifikaat deur ’n geldige mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of ’n ander rede deur die rektor goedgekeur.

15. OMGEWING

15.1 Leerders het die reg tot ‘n veilige omgewing en skool wat opvoeding bevorder.

15.2 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.

15.3 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

15.4 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

15.5 Enige optrede of versuim van leerders wat ’n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak moet vermy word.

15.6 Dit is verbode om slagspreuke (“graffiti”), plakkers, plakkate en dergelike meer op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die rektor.
15.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die rektor, enige opvoeder of lid van die matriekraad / verteenwoordigende raad van leerders met betrekking tot die handhawing van ’n skoon en higiëniese skoolomgewing.
15.8 Leerders mag nie in besit wees van enige vorm van vuurwerke in 'n skoolgebou of op die skoolterrein nie

16. SELFONE

Die bring van selfone skool toe word ten sterkste ontmoedig. Wanneer ’n selfoon wel in ’n noodgeval skool toe gebring word, sal die volgende van toepassing wees:
16.1 Geen selfoon mag in enige gebou insluitende klasse, gange, stoepe en vierkante of enige lokaal op die skoolterrein hanteer word nie.
16.2 Indien die bogenoemde reël oortree word, word die selfoon (handstuk en simkaart) afgeneem vir ’n tydperk van ses weke en in veilige bewaring toegesluit, waarna die leerder dit kan afhaal. ’n Dokument sal as bewys aan hom uitgereik word.
16.3 Geen korrespondensie of gesprekke sal met leerders of ouers in hierdie verband gevoer word nie.
16.4 Geen selfoondiefstal sal deur die skool ondersoek word nie.
16.5 Geen leerder mag tydens ’n eksamen of ’n toets-sessie ’n selfoon in sy besit hê nie. Dit sal as ’n eksamen-onreëlmatigheid hanteer word en kan ook soms as ’n eksamen-oneerlikheid beskou word.

17. BOELIE

17.1 Die skool se amptelike boeliebeleid word beskou as ’n byvoegsel tot hierdie dissiplinêre beleid.
17.2 Leerders mag nie ander leerders, opvoeders of lede van die skoolgemeenskap seksueel of op enige ander wyse teister, dreig, afknou, met hulle baklei, intimideer of op enige materiële, fisiese of emosionele wyse te na kom of benadeel nie.

18. DWELMBELEID

Die skool se amptelike dwelmbeleid word beskou as ’n byvoegsel tot hierdie dissiplinêre beleid.

19. AANVULLINGS EN SUPPLEMENTE

Die skool se amptelike beleid oor aanvullings en supplemente word beskou as ’n byvoegsel tot hierdie dissiplinêre beleid.

20. SPORTBELEID

Die skool se amptelike sportbeleid word beskou as ’n byvoegsel tot hierdie dissiplinêre beleid.

21. VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

21.1 Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
21.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
21.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
21.4 In die oorweging van ’n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir ’n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.
21.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

BYLAE 8

PAUL ROOS GIMNASIUM
SKOOLDRAG: VOORSKRIFTE

1. AMPTELIKE SKOOLDRAG

Die onderstaande riglyne word aan leerders voorgeskryf vir saalbyeenkomste, amptelike verteenwoordiging van die skool tydens uitstappies, sportbyeenkomste of soos deur die rektor bepaal.

1.1 Die maroen baadjie.
1.2 'n Lang- of kortmou, toeknoop wit hemp.
1.3 Die skooldas.
1.4 'n Grys, kort- of langbroek (geen noupypbroeke).
1.5 'n Kortmou- of langmoutrui of geen trui nie.
1.6 'n Swart of 'n grys belt.
1.7 Grys kouse by ‘n langbroek. Indien 'n kortbroek gedra word, moet die amptelike grys kouse met die skoolkleure gedra word.
1.8 Slegs swart toeryg skoolskoene. (Geen stewels of die halfsteweltipe skoen is toelaatbaar nie.)
1.9 Die amptelike serp.
1.10 Erekleure: Op Maandae (saalbyeenkoms) of tydens sportgeleenthede, word leerders toegelaat om hulle volle skool-erekleure, provinsiale of nasionale kleure te dra.

2. SKOOLDRAG (OP GEWONE SKOOLDAE)

2.1 SOMER (1ste en 4de kwartale)

2.1.1 'n Lang-/Kortmou toeknoop grys hemp.
2.1.2 Die skooldas.
2.1.3 'n Grys, kort- of langbroek (geen noupypbroeke).
2.1.4 Grys kouse by ‘n langbroek. Met 'n kortbroek moet die amptelike grys kouse met skoolkleure gedra word.
2.1.4 Slegs 'n swart of 'n grys belt.
2.1.5 Slegs swart toeryg skoolskoene. (Geen stewels of die halfsteweltipe skoen is toelaatbaar nie.)
2.1.6 Die dra van 'n langmoutrui (sonder die baadjie) is opsioneel.
2.1.7 Die dra van die maroen baadjie is opsioneel.

2.2 WINTER (2de en 3de kwartale)

2.2.1 Soos vir die somer, behalwe dat die maroen baadjie elke skooldag aangetrek moet word.
2.2.2 Die kortmou- of langmoutrui mag nie in die winterkwartale sonder die skoolbaadjie gedra word nie.
2.2.3 'n Reënjas, reënpak of windjekker vervang nie die maroen baadjie nie.

3. ALGEMENE VOORSKRIFTE

3.1 Truie

3.1.1 Geen "sweaters" of sportdrag mag saam met die amptelike skooldrag gedra word nie.
3.1.2 Geen anderkleurige trui as die maroen trui mag saam met die amptelike skooldrag gedrag word nie.
3.1.3 Die langmou maroen trui mag wel sonder die baadjie gedra word in die somer, behalwe op amptelike dae soos saalbyeenkomste.

3.2 Maroen baadjie

Wanneer 'n leerder dié baadjie by hom het, moet hy dit aantrek en nie in die hand, oor die arm of oor die skouer dra nie.

3.3 T-hemde

Slegs 'n effekleurige T-hemp wat nie by die skoolhemp uitsteek (of deurskyn) nie, mag gedra word.

3.4 Broeke

3.4.1 Geen broek vervaardig van koordferweel, seil of denim word toegelaat nie.
3.4.2 Geen noupypbroeke is toelaatbaar nie - minimum wydte van pyp onder die knie: 20 cm.

3.5 Sweetpak

Wanneer die skool verteenwoordig word, moet die volledige skoolsweetpak gedra word.

3.6 Jasse

3.6.1 Slegs reënjasse, 'n reënpak of 'n windjekker mag buite die skoolgebou saam met die amptelike skooldrag gedra word.
3.6.2 GEEN ander jasse is toelaatbaar nie.

3.7 Serpe

Slegs die amptelike serp met die mate en kleure soos bepaal, word toegelaat.

3.8 Skooltasse

3.8.1 'n Stewige skooltas ter beskerming van die skoolboeke word aanbeveel.
3.8.2 Slegs die leerder se naam, standerd en skoolnaam mag op die tas geskryf word.

3.9 Sportsakke

Wanneer 'n leerder die skool verteenwoordig, mag hy slegs die skool se amptelike sportsak gebruik.

PAUL ROOS GIMNASIUM

TOELATING TOT KOSHUIS EN SKOOL: VERTROULIKE VERSLAG

Die skoolhoof of sy verteenwoordiger van die skool waar die leerder tans ingeskryf is, word vriendelik versoek om dié vorm so volledig moontlik te voltooi en te stuur aan:

Die Rektor
Paul Roos Gimnasium
Suidwal
Stellenbosch
7600
Faks: (021) 883 8461
E-pos: info@prg.wcape.school.za

1. Naam van leerder: _____

2. Geboortedatum: _____ Huidige graad: _____

3. Akademies:

3.1 Wat is die grootte van die leerder se huidige graadgroep? _____

Wat is die leerder se klasposisie t.o.v. sy huidige graadgroep?

Boonste 1/3	Middelste 1/3	Onderste 1/3

Volgens intellektuele vermoëns sal ek hom klassifiseer as

Bogemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld

Die leerder se akademiese ingesteldheid is

Bogemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld

4. Buitemuurse bedrywighede:

4.1 Sport (Meld ook aantal spanne in ouderdomsgroep)

Meld erkende tradisionele skoolsport-soorte soos deur Paul Roos Gimnasium aangebied waaraan leerder deelneem. (Meld ook provinsie of streek)

Somer: A _____ Aantal spanne: _____

Provinsiaal	A-span	B-span	Deelnemer

Somer: B _____ Aantal spanne: _____

Provinsiaal	A-span	B-span	Deelnemer

Winter: A _____ Aantal spanne: _____

Provinsiaal	A-span	B-span	Deelnemer

Winter: B _____ Aantal spanne: _____

Provinsiaal	A-span	B-span	Deelnemer

Ander: _____ Aantal spanne: _____

Provinsiaal	A-span	B-span	Deelnemer

4.2 Kultuur/Verenigings

Aan watter verenigings behoort hy?

_____

_____

Meld enige buitengewone prestasie(s). Verskaf spesifieke inligting.

_____

_____

5. Leierspotensiaal:

Hoofleier	
Prefek	
Monitor/Spankaptein	
Leierseienskappe	
Geen leierseienskappe	

Gee asseblief besonderhede van enige leiersposisie wat die leerder beklee/beklee het:

_____

_____

6. Openbaar die leerder enige aanpassings- of gedragsprobleme? Spesifiseer asseblief:

_____

_____

7. Algemeen:

Die leerder is

Besonder netjies	Netjies	Minder netjies

8. Die skoolgeldbetaling is

nagekom	nie nagekom nie

9. Globale evaluering van leerder uit 10

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

SKOOLSTEMPEL EN DATUM

_____

SKOOLHOOF

Indien ons die leerder aanvaar, is daar enige relevante inligting wat u onder ons aandag wil bring? Indien wel, spesifiseer asseblief:

_____

AANSOEK VIR: (JAAR) | | | | |

AANSOEK VIR: SLEGS SKOOL | SKOOL EN KOSHUIS

VAN:

NOEMNAAM:

GRAAD AS LEERDER BY SKOOL AANSLUIT:

INDIEN U SEUN NIE TOELATING TOT DIE KOSHUIS KRY NIE MOET HY AS DAGSKOLIER GEKEUR WORD?

PAUL ROOS GIMNASIUM

SUIDWAL
STELLENBOSCH
7600
TEL.: (021) 887 - 0017 FAKS: (021) 883 – 8461
E-pos: info@prg.wcape.school.za



AANSOEK OM TOELATING

VIR KANTOORGEBRUIK

SKOOL	

SKOOL EN KOSHUIS	

LEERDER SE VAN	
VOLLE NAME	
LEERDER SE SELFOON	

	D	D	M	M	J	J
GEBOORTEDATUM						

HUIDIGE GRAAD	
HUISTAAL	

TAAL WAARIN U SEUN ONDERRIG MOET WORD

AFRIKAANS		ENGELS	

VADER	
TITEL	VOORL. NOEMNAAM
VAN	
POSADRES	
	POSKODE
WOONADRES	
	POSKODE
TEL. (H)	TEL. (W)
FAKS	SELFOON
E-POS ADRES	
WERKGEWER	
BEROEP	

MOEDER	
TITEL	VOORL. NOEMNAAM
VAN	
POSADRES	
	POSKODE
WOONADRES	
	POSKODE
TEL. (H)	TEL. (W)
FAKS	SELFOON
E-POS ADRES	
WERKGEWER	
BEROEP	

AAN WIE MOET DIE REKENING GESTUUR WORD?

VADER	MOEDER	ANDER

Indien nie vader of moeder nie, voltooi aseblief die onderstaande gedeelte

TITEL	VOORL.
VAN	
POSADRES	
	POSKODE
WOONADRES	
	POSKODE
TEL. (H)	TEL. (W)
FAKS	
SELFOON	

By wie is die leerder woonagtig?

BEIDE OUERS	VADER	MOEDER	VOOG	ANDER

Het die leerder enige broers in Paul Roos Gimnasium? JA NEE

| | | |

Voorsien asseblief enige ander inligting (allergië, afwykings, ens.) wat u graag onder die aandag van die skool wil bring:

_____

_____

VERKLARING:

Ons, die ondergetekendes, verklaar dat:

1. die aansoekvorm korrek ingevul is;
2. ons kennis neem van die skool se reëls;
3. ons onderneem om bogenoemde reëls te eerbiedig en te gehoorsaam;
4. ons onderneem om die skoolgeld, soos jaarliks vasgestel, te betaal (goedgekeurde subsidie afgetrek).

VANDAG SE DATUM	D	D	M	M	J	J

OUERS/VOOGDE SE HANDTEKENINGE	***LEERDER SE HANDTEKENING***

Sluit asseblief die volgende by die aansoek in:

1. Afskrif van geboortesertifikaat;
2. Een (1) identiteitsfoto;
3. Afskrif van leerder se laaste rapport (Junie);
4. Voltooide vakkeusevorm.